# Studiebrief 101/3/2012
## Inklusiewe Onderwys A

**ETH302S**

## WERKSKEMA, STUDIEHULPMIDDELS EN WERKOPDRAGTE

### Semestermodule

### Departement Onderwysersopleiding

Hierdie studiebrief bevat belangrike
inligting oor die module.

Bar code

UNISA university of south africa

Learn without limits.

# INHOUD


1 VERWELKOMING ..... 3

2 DOEL, LEERINHOUD EN UITKOMSTE VAN HIERDIE MODULE ..... 3

3 KONTAK MET U DOSENT EN DIE UNIVERSITEIT ..... 7

4 STUDENTONDERSTEUNINGSTELSELS ..... 8

5 STUDIEMATERIAAL ..... 9

6 HOE DIE WERKOPDRAGSTELSEL WERK ..... 11

7 HOE DIE EKSAMEN WERK ..... 13

8 WERKOPDRAGTE EN ASSESSERINGSKRITERIA ..... 14

# 1 VERWELKOMING

Ons verwelkom u hartlik by die module **Inklusiewe Onderwys A** en vertrou dat u dit interessant en lonend sal vind. Ons sal ons bes doen om u te help om 'n sukses van u studie van hierdie module te maak. U sal goed begin as u vroeg in die semester reeds aan die werk spring en die werkopdrag(te) deeglik doen.

U sal 'n aantal studiebriewe in die loop van die semester ontvang. Die studiebriewe is ons manier om met u te kommunikeer oor onderrig, leer en assessering.

Hierdie studiebrief bevat belangrike inligting oor die werkskema, hulpbronne en werkopdragte vir hierdie module. Ons raai u aan om dit met aandag deur te lees en byderhand te hou wanneer u die studiemateriaal deurwerk, die werkopdrag(te) doen, vir die eksamen leer en vrae aan u dosente rig.

In hierdie studiebrief (Studiebrief 101) vind u die werkopdragte en assesseringskriteria sowel as aanwysings vir die doen en ingee van die werkopdragte. Hierin is ook alle inligting oor die voorgeskrewe studiemateriaal asook ander hulpmiddele, en hoe om hulle in die hande te kry. Bestudeer dit asseblief noukeurig en sorg dat u die voorgeskrewe studiemateriaal so gou moontlik aanskaf.

Afgesien hiervan is daar ook algemene en administratiewe inligting oor die module in hierdie studiebrief. Bestudeer hierdie gedeelte in die studiebrief asseblief aandagtig.

Ons wil u daarop wys dat u **alle studiebriewe** wat u hierdie semester sal ontvang **dadelik en noukeurig moet lees**, omdat hulle altyd belangrike en somtyds dringende inligting bevat.

Ons hoop u sal die module geniet en ons wens u sterkte toe.

# 2 DOEL, LEERINHOUD EN UITKOMSTE VAN HIERDIE MODULE

Voordat u begin studeer en werkopdragte begin doen, moet u weet **WAT** die doel van die module is, met ander woorde **HOEKOM** u die inhoud hiervan moet bestudeer, moet u weet **WAT** die inhoud van die module is, met ander woorde **WAAROOR** dit handel, en moet u weet **WATTER** uitkomste met die inhoud beoog word.

Bestudeer die volgende inligting in die toepaslike gedeeltes in **Studiebrief 102**:

- Die **sewe** studie-eenhede, toepaslike temas en subtemas wat deel uitmaak van hierdie module se inhoud. U moet die kurrikulumoorsig in die relevante afdeling van Studiebrief 102 baie deeglik bestudeer.

- Die **moduleontwerp**.

## 2.1 Doel van hierdie module

Bo en behalwe die programuitkomste op tweede- en derdejaarsvlak sowel as op nagraadse vlak, is die doel van hierdie module om u toe te rus met ’n deeglike **kennis van en insig in** inklusiewe onderwys as benadering, sowel as met vaardighede om **leerders wat struikelblokke in leer ondervind** te help, en om die regte **waardes** of **ingesteldheid** by u te kweek om hierdie leerders in u **bepaalde spesialiseringsfase** te identifiseer, te assesseer en te **ondersteun**.

## 2.2 Leerinhoud

As u die inhoud van die module **Inklusiewe Onderwys A** (voorheen bekend as Spesialebehoefteonderwys A) onder die knie het, sal u oor 'n **breë teoretiese oriëntasie** en **praktykgerigte** kennis van die volgende beskik:

- **Inklusiewe onderwys**

- Leerondersteuning vir leerders wat in u bepaalde spesialiseringsfase in "gewone" of "alledaagse" inklusiewe-onderwystoestande struikelblokke in leer ondervind, naamlik:

    i) Kleinkindontwikkelingsfase (0 tot 09 jaar) (B Ed-studente in Kleinkindontwikkeling: Grondslagfaseprogram).

    ii) Intermediêre en senior fase (10 tot 14 jaar) (B Ed- en NGSO-studente in die intermediêre en seniorfaseprogram)

- **Leerder-** en **onderwyserondersteuning** sodat u alle leerders se unieke behoeftes in ag neem en die **praktyk** van inklusiewe onderwys in u spesifieke spesialiseringsfase invoer of ontwikkel.

☞ In die ander module **Inklusiewe Onderwys B (ETH306W))** is daar 'n uitvoerige bespreking van allerlei inperkings (of aantastings) en vertragings, die oorsake en manifestasies daarvan, en elke struikelblok se spesifieke leerondersteunings.

In Module ETH302S word die teoretiese inhoud van die studieveld behandel, naamlik inklusiewe onderwys, met die klem op leerondersteuning vir leerders in "gewone" skole met leerstruikelblokke, en die praktiese implementering daarvan in u spesifieke spesialiseringsfase.

**Bestudeer die volgende opsomming van die studie-inhoud .**

**DIE MODULE INKLUSIEWE ONDERWYS A**

Inklusiewe onderwys: Oriëntasie tot die module

- **STUDIE-EENHEID 1: INKLUSIEWE ONDERWYS**

  Inleiding tot inklusiewe onderwys

- **STUDIE-EENHEID 2 EN 3: LEERDERS WAT STRUIKELBLOKKE TOT LEER ERVAAR**

  Struikelblokke tot leer: die manifestasies en oorsake daarvan

- **STUDIE-EENHEID 4: LEERDERONDERSTEUNING**
  Identifisering en assessering van leerders wat in u spesifieke spesialiseringsfase struikelblokke tot leer ervaar.

  **STUDIE-EENHEID 5 EN 6: LEERDERONDERSTEUNING**
  Beplanning en implementering van die leerondersteuningsprogram

- **STUDIE-EENHEID 7: ONDERWYSERONDERSTEUNING**
  Die ondersteuningsnetwerk of -dienste op verskeie vlakke in inklusiewe onderwys.

## 2.3 Uitkomste

Gee aandag aan die volgende **samevatting** van die **uitkomste** vir hierdie module.

Verbeter bewustheid van **inklusiewe onderwys** met die klem op leerders wat in inklusiewe skole **met struikelblokke tot leer worstel**.

**Uitkomste: Studie-eenheid 1**

Studente moet as leerders bewys lewer van hulle begrip van en insig in die studieterrein wat in hierdie module bestudeer word, **naamlik inklusiewe onderwys met die klem op leerders wat met struikelblokke tot leer worstel (waaronder inperkings, emosionele, gedrags-, leer- en ontwikkelingsprobleme) en die implementering van of reaksie op die beleid van inklusiewe onderwys in u spesialiseringsfase.**

Ken die leerders wat in inklusiewe skole **leerstruikelblokke** ondervind (studie-eenheid 2 en 3).

**Uitkomste: studie-eenheid 2 en 3**

Leerders moet 'n deeglike kennis en begrip van struikelblokke tot leer toon.

Leerders moet struikelblokke tot leer kan interpreteer, naamlik:
- die oorsake van struikelblokke tot leer
- die manifestasies van struikelblokke tot leer

**Ken, identifiseer** en **assesseer leerders met leerstruikelblokke**, en gee **leerondersteuning** (studie-eenheid 4).

**Uitkoms: studie-eenheid 4**

Leerders moet 'n deeglike kennis en begrip toon van inklusiewe skole sowel as van hulle rol en plig om leerders met leerstruikelblokke vroeg te **identifiseer**, en om hulle deurlopend te **assesseer**.

Ruil inligting uit oor hoe om **leerderondersteuning** te implementeer, en hoe om **leerondersteuningsprogramme** te **beplan** en te **implementeer** (studie-eenheid 5 en 6).

**Uitkomste: studie-eenheid 5 en 6**

Studente moet ’n deeglike kennis en begrip van **leerderondersteuning** toon, naamlik hoe om 'n leerondersteuningsprogram te beplan en te implementeer.

- Om u as onderwysers te mobiliseer en aan te moedig om met **ouers of versorgers, gemeenskappe** en persone wat op **verskeie opvoedkundige vlakke** betrokke is (die **onderwysnetwerk van ondersteuningsdienste**) saam te werk, om deel te word van die **implementering** van inklusiewe onderwys in u spesialiseringsfase (studie-eenheid 7).

**Uitkoms: studie-eenheid 7**

Studente moet 'n deeglike kennis en begrip van die volgende aspekte toon:

- Die **rol van die skoolbestuur,** die **organisasie** van **onderwyserondersteuning** en samewerking met ander belanghebbers
- **Vennootskap in inklusiewe onderwys: ondersteuningstelsel op institusionele vlak.**
- **Samewerking met ouers of versorgers.**
- **Organisasie** van **leerderondersteuning** op **verskillende vlakke**, byvoorbeeld in die **distrik** (onderwysdistrikskantoor), die **gemeenskap** (betrek ouers, die sakesektor, nieregeringsorganisasies, munisipaliteite, anders skole, en dergelike meer) en op provinsiale en regeringsvlak.

Na afloop van hierdie module sal u u eie vaardighede en houding jeens inklusiewe onderwys beter verstaan. Gewapen hiermee, sal u leerstruikelblokke in die skoolstelsel, onderwysstelsel en in 'n veel wyer verband ('n sosiale, ekonomiese en politieke verband) kan identifiseer en aanpak, en goeie inklusiewe onderwys aan alle leerders gee.

## 3 KONTAK MET U DOSENT EN DIE UNIVERSITEIT

### 3.1 Dosente

Die inligting van die dosent vir hierdie module sal bekend gemaak word.

### 3.2 Department

Indien 'n dringende hulp benodig mag u die Departementele Sekretaresse kontak

- Tel oproep (slegs RSA) 012 429 4583
- Faks (RSA) 012 429 4909
- E-pos vzilmj@unisa.ac.za

**Per Brief:**
Rig al u korrespondensie aan:
Departement Onderwysersopleiding
Posbus 392
UNISA
0003

U mag meer as een brief *in* 'n koevert plaas, maar moet nie navrae aan verskillende departemente (bv Versending en Biblioteekdienste) in dieselfde brief rig nie. Dit sal die beantwoording van u navrae vertraag. Skryf 'n aparte brief aan elke departement en merk elke brief duidelik vir aandag aan die betrokke departement.

Briewe aan dosente mag nie by werkopdragte ingesluit word nie. Verstrek altyd u studentenommer, die betrokke modulekode en 'n moontlike *telefoonnommer en/of faksnommer* bo-aan die brief.

### 3.3 Universiteit

Indien u die Universiteit moet kontak oor sake wat nie met die inhoud van hierdie module verband hou nie, gebruik asseblief die *my Studies @ Unisa* brosjure wat u saam met u studiemateriaal sal ontvang. Die brosjure getiteld *my Studies @ Unisa,* wat u saam met u studiemateriaal ontvang het, bevat inligting oor hoe om die Universiteit te kontak (bv aan wie u kan skryf ivm verskillende navrae, belangrike telefoon- en faksnommers, adresse en besonderhede oor die tye wanneer sekere fasiliteite oop is).

Let asseblief daarop dat alle administratiewe navrae gerig moet word aan:

- Faksnommer (RSA) ` 012 429 4150
- Faksnommmer (internasionaal) +27 12 429 4150
- E-pos study-info@unisa.ac.za

Gebruik altyd **u studentenommer** wanneer u die universiteit kontak.

## 4 STUDENTONDERSTEUNINGSTELSELS

Raadpleeg asseblief die boekie my Studie @ Unisa vir nadere inligting oor verskeie ondersteuningstelsels en dienste wat Unisa aan studente bied, soos studentevoorligting, groepklasse en taalondersteuning. U het die boekie saam met u studiemateriaal ontvang.

### 4.1 Kontak met medestudente

#### 4.1.1 Studiegroepe

Dit is raadsaam om kontak met ander studente te hê. 'n Studiegroep is een manier om met hulle kontak te maak. U kan die adresse van medestudente in u omgewing by die volgende afdeling kry:

Direktoraat: Studenteadministrasie en Registrasie
Posbus 392
UNISA
0003

#### 4.1.2 myUnisa

As u 'n rekenaar het wat met die internet verbind is, kan u in 'n oogwink toegang kry tot die Universiteit se hulpbronne en inligting. myUnisa is die Universiteit se aanlynkampus waar u met u dosente, ander studente en die administratiewe afdelings kan gesels. Dit alles danksy rekenaars en die internet.

As u na myUnisa se webwerf wil gaan, begin by Unisa se hoofwebwerf http://www.unisa.ac.za en klik dan op die "Login to myUnisa"-skakel regs op die skerm. U behoort by die myUnisa-webwerf uit te kom. Anders kan u http://my.unisa.ac.za intik en sommer dadelik na myUnisa toe gaan.

As u nadere inligting oor myUnisa wil hê, moet u die boekie my Studie @ Unisa raadpleeg. U het dit saam met u studiemateriaal ontvang.

#### 4.1.3 Besprekingsklasse

'n Reeks oriënteringsessies sal aan die begin van 2012 in Pretoria en Durban aangebied word. Verskeie aspekte van die tydperk waarin u praktiese onderwys moet doen sal dan in besonderhede bespreek word. U sal later meer inligting hieroor ontvang.

**'n Reeks besprekingsklasse sal ook in elke semester aangebied word.** U sal in daaropvolgende studiebriewe 'n samevatting kry van wat tydens hierdie klasse bespreek is. Groepbesprekings sal op myUnisa aangekondig en geskeduleer word.

#### 4.1.4 Groepklasse

Ons bied op die oomblik groepklasse by ons streeksleersentra oor die hele land aan. Hier help dosente studente om die studiemateriaal beter te verstaan, hulle werkopdragte reg aan te pak en om hulle vaardighede te slyp.

'n **Groepklas** is 'n gereelde byeenkoms van studente onder leiding van 'n dosent. Die dosent verduidelik tydens 'n groepklas die studiemateriaal waarmee studente sukkel.

Raadpleeg asseblief die volgende:

- https://my.unisa.ac.za vir die groepklasse wat by Unisa se leersentra oor die hele land heen aangebied word

#### 4.1.5 Videokonferensies

By sommige van Unisa se leersentra word groepklasse as videokonferensies aangebied. Hierdie onderrigmetode sal na gelang van behoefte gevolg word.

Videokonferensies:

- gee "regstreekse" studiehulp aan studente in afgeleë gebiede (waar die toerusting wel beskikbaar is)

- is 'n lewensvatbare en tegelykertyd goedkoop manier om studiehulp te verleen. Navorsing dui daarop dat daar "geen beduidende verskil" is tussen die akademiese prestasie van studente wat 'n korrespondensiekursus volg en videokonferensies bywoon, en dié van studente wat klasdraf nie.

#### 4.1.6 Satellietuitsendings

By Unisa word lesings, groepklasse of opleidingsprogramme regstreeks per satelliet uitgesaai. Studente volg dit dan by ons streeksentra op 'n televisieskerm. U sal per SMS ingelig word van satellietuitsendings vir die modules waarvoor u ingeskryf het.

## 5 STUDIEMATERIAAL

### 5.1 Inventarisbrief

U moes 'n inventarisbrief ontvang het waarin aangedui word wat u in u studiepakket ontvang het, en wat u nog moet ontvang. Raadpleeg die brosjure my Studie @ Unisa.

Vergelyk die studiemateriaal wat u ontvang het met die inventarisbrief. U moes alles ontvang het wat in die inventaris gelys word, tensy "uit voorraad" of "nie beskikbaar" as verduideliking gegee word. As iets wel ontbreek, moet u dadelik die aanwysings agterop die inventarisbrief volg.

**LET WEL: U dosente kan nie ontbrekende studiemateriaal vir u aanstuur nie.**

### 5.2 Studiemateriaal

U sal die studiemateriaal vir hierdie module soos volg ontvang:

- Studiebrief 101 en 301 by registrasie (die res volg later).
- Die voorgeskrewe boek.

Afgesien van Studiebrief 101 en 301 sal u ook ander studiebriewe in die semester ontvang. Hierdie studiebriewe sal nie noodwendig tydens registrasie beskikbaar wees nie, maar sal sodra hulle beskikbaar of nodig word (soos byvoorbeeld wanneer terugvoering oor werkopdragte gegee moet word) vir u aangestuur word.

As u internettoegang het, kan u gaan na http://my.unisa.ac.za en die studiegidse en studiebriewe vir die modules waarvoor u ingeskryf het op die Universiteit se aanlyn kampus, myUnisa, kry.

### 5.3 Die voorgeskrewe boek

Die voorgeskrewe boek vir u spesialiseringsfase is die volgende:

- Engelbrecht, P, Green, L, Naicker, S & Engelbrecht, L. 2009. *Inclusive education in action in South Africa.* 9th edition. Impression. Pretoria: Van Schaik.

  **Let wel:** Alle uitgawes sedert 1999 kan gebruik word.

  U moet die voorgeskrewe boek koop, omdat dit 'n belangrike bron is wat u sal ondersteun met die beantwoording van u Werkopdragte 01 en 02.



**Die boek is by enige bekende boekwinkel verkrygbaar.**

Raadpleeg asseblief die lys amptelike boekwinkels en hulle adresse in my Studie @ Unisa.

As u die voorgeskewe boek nie by die boekwinkels in *my Studie @ Unisa* kan kry nie, moet u met die Registrateur (Akademies) in aanraking kom.

### 5.4 Hulpmiddels

#### 5.4.1 Aanbevole boeke

Daar is geen aanbevole boeke vir hierdie module nie.

## 6 HOE DIE WERKOPDRAGSTELSEL WERK

### 6.1 Werkopdragte en leer

Ons beskou u werkopdragte as 'n deel van die leermateriaal vir hierdie module. U is immers aktief besig om te leer wanneer u 'n werkopdrag doen, tekste lees, ander bronne raadpleeg, die werk met medestudente of dosente bespreek, of navorsing doen. Kyk na die assesseringskriteria wat by elke werkopdrag gegee word. U kan daaruit aflei wat presies van u vereis word.

Ekstra assessering kan somtyds op myUnisa vir u module beskikbaar wees. Studente wat groepklasse bywoon, kan in die klas ekstra take of terugvoering by hul dosent kry.

### 6.2 Algemene opmerkings

**LET WEL:** Navrae oor werkopdragte moet gerig word aan assign@unisa.ac.za. Dit behels navrae soos of ons u werkopdrag ontvang het, of die datum waarop ons 'n werkopdrag aan u teruggestuur het.

U kan ook inligting kry op myUnisa. As u na die myUnisa-webtuiste wil gaan, kan u op Unisa se webtuiste http://www.unisa.ac.za begin. Klik hier op die skakel "login to myUnisa" onder die opskrif myUnisa. U behoort dan by myUnisa se webtuiste uit te kom. Anders kan u direk daarheen gaan deur eenvoudig http://www.unisa.ac.za in die opdragveld te tik.

Werkopdragte moet gerig word aan:

Die Registrateur
Posbus 392
UNISA
0003

U kan geskrewe werkopdragte en werkopdragte wat op merkleesblaaie gedoen is aan ons pos of elektronies deur myUnisa ingee. Geen werkopdrag mag gefaks of ge-e-pos word nie.

Raadpleeg die brosjure my Studies @ Unisa vir nadere inligting en die vereistes waaraan werkopdragte moet voldoen. U het hierdie brosjure saam met u studiemateriaal ontvang.

As u 'n werkopdrag **deur myUnisa** wil ingee:

- gaan na myUnisa
- teken aan met u studentenommer en wagwoord
- kies die module
- klik op "assignments" in die kieslysie links
- klik op die nommer van die werkopdrag wat u wil ingee
- volg die aanwysings op die skerm noukeurig

## 6.3 Terugvoering oor werkopdragte

U sal die antwoorde vir meerkeusevrae outomaties ontvang. Nasieners sal opbouende kommentaar op u geskrewe werkopdragte lewer. Ons terugvoering oor verpligte werkopdragte sal later in 'n studiebrief **gestuur word aan alle studente wat vir hierdie module ingeskryf het**, en nie slegs aan diegene wat die werkopdragte ingedien het nie. Die studiebrief nommer sal wees 201, 202, ens.

Gaan asseblief u antwoorde na sodra u ons terugvoering ontvang het. Die terugvoering is net so 'n belangrike deel van leer as die werkopdragte, en dit berei u voor op die volgende werkopdrag of die eksamen.

## 6.4 Keerdatums

Die keerdatums vir die indien van verpligte werkopdragte is die volgende:

- **Eerste semester:**

| | | |
|---|---|---|
| 01 | 12 Maart (meerkeusevrae) | Uniekenommer: 200255 |
| 02 | 12 April | Uniekenommer: 245440 |

- **Tweede semester:**

| | | |
|---|---|---|
| 01 | 03 September (meerkeusevrae) | Uniekenommer: 336657 |
| 02 | 01 Oktober | Uniekenommer: 323216 |

## 6.5 Assessering van werkopdragte

**Let wel:** Ofskoon studente mag saamwerk wanneer hulle voorbereiding vir werkopdragte doen, moet elke student uiteindelik self sy of haar eie werkopdrag skryf en indien. U moet met ander woorde u eie gedagtes in u eie woorde inklee en van tyd tot tyd kort aanhalings met 'n behoorlike verwysing gee. Studente mag nie dieselfde werkopdrag indien onder voorwendsel dat hulle saam daaraan gewerk het nie. Dit is afskryf ('n vorm van plagiaat), en daarom sal geeneen van die identiese werkopdragte nagesien word nie. Diegene wat hulle hieraan skuldig maak, kan gepenaliseer word en die Universiteit kan tugstappe teen hulle instel.

## 7 HOE DIE EKSAMEN WERK

Raadpleeg die brosjure my Studies @ Unisa vir algemene inligting en die vereistes wat aan werkopdragte gestel word. U het hierdie brosjure saam met u studiemateriaal ontvang.

### 7.1 Eksamentoelating

Om eksamentoelating te kry, moet u die meerkeusewerkopdrag indien in die semester waarin u hierdie module neem. U sal nie tot die eksamen toegelaat word as u dit nie ingedien het nie.

### 7.2 Semesterpunt

U moet u bes doen met u werkopdragte omdat die punt wat u daarvoor behaal vir u finale punt vir hierdie module tel. Werkopdrag 01 tel 40% en Werkopdrag 02 tel 60% van die semesterpunt.

**U finale punt word soos volg bereken:**

- Semesterpunt (Werkopdrag 01 en 02) (10%).
- Eksamenpunt (90%).

As 'n verpligte werkopdrag nie ingegee word nie, of om watter rede ook al laat ingegee word, sal geen punt toegeken word nie.

Ons gebruik die persentasie wat u in die eksamen behaal het om u finale punt te bereken.

Soos reeds genoem, word die *finale punt* soos volg bereken:

Semester 10% + eksamenpunt 90%

U moet 'n finale eksamenpunt van 50% of meer behaal om hierdie module deur te kom.

### 7.3 Eksamentydperk

Hierdie module strek oor 'n semester van 15 weke. As u met ander woorde vir die eerste semester ingeskryf het, sal u in Mei/Junie 2012 eksamen skryf. Die hereksamen sal in Oktober/November 2012 afgelê word. As u egter vir die tweede semester geregistreer het, sal u in Oktober/November 2012 eksamen skryf. U sal dan in Mei/Junie 2013 hereksamen skryf.

Die Eksamenafdeling sal in die loop van die semester vir u inligting aanstuur oor die eksamen in die algemeen asook oor eksamenlokale, -datums en -tye.

### 7.4 Ou vraestelle

Ons gee wel ou vraestelle aan studente. Ons raai u egter aan om nie te veel daarop staat te maak nie, aangesien die module-inhoud en gevolglik die vraestel elke semester verander. U kan egter seker wees dat dieselfde soort vrae as dié in die aktiwiteite in u studiegids en in werkopdragte ook in die eksamen gevra sal word.

### 7.5 Studiebrief met inligting oor die eksamen

U sal 'n studiebrief ontvang waarin u gehelp sal word om vir die eksamen voor te berei. Die formaat van die vraestel, voorbeelde van die soort vrae wat u te wagte kan wees, en wat u alles vir die eksamen moet ken, sal daarin uiteengesit word.

Ons hoop u sal die module geniet en ons wens u sukses toe met u studie.

Vriendelike groete

U dosent

## 8 WERKOPDRAGTE EN ASSESSERINGSKRITERIA

8.1 Uitkomste van werkopdragte

Ten einde die uitkomste te bereik wat in u werkopdragte aan u gestel word, moet u:

- aandui dat u navorsing of sinvolle studie gedoen het oor inklusiewe onderwys met die klem op leerders wat struikelblokke tot leer ervaar
- 'n deeglike kennis van en insig in die leermateriaal van die kurrikulum toon
- blyke gee van kritiese en kreatiewe denke
- in 'n goed toegeruste akademikus ontwikkel wat intelligent en konstruktief dink en rasioneel redeneer
- aspekte van inklusiewe onderwys krities kan analiseer, assesseer en vergelyk
- die teorie op verskeie maniere **behendig** in die praktyk kan toepas, byvoorbeeld om leerders met leerstruikelblokke te identifiseer en te assesseer
- aantoon dat u die uitdaging aanvaar om in 'n inklusiewe-onderwysomgewing te werk en dit uit te brei
- kontekstueel kan dink. U moet byvoorbeeld op grond van u eie ervaring en akademiese opleiding oor leer kan besin met betrekking tot die plaaslike politieke, sosiale en ekonomiese realiteit.
- as professionele onderwyser eties handel
- wys dat u sensitief is vir die houdings en waardes wat pas by 'n regverdige, demokratiese en inklusiewe samelewing of gemeenskap
- die vermoë om te assesseer ontwikkel en insig kan toon, wat u nie net in die eksamen nie, maar ook later in die lewe en in u beroep goed te staan sal kom

- ❖ As mens hierdie eienskappe wil aankweek, moet mens die probleme wat jy in jou studie van die module-inhoud en die werkopdragte teëkom **sistematies** aanpak. Benader die werkopdragvrae uit 'n wetenskaplike oogpunt.
- ❖ Probeer 'n **kritiese houding** inneem wanneer u iets lees. Bestudeer die module-inhoud, **vertolk** dit, sorg dat u dit **verstaan**, **bespreek die inhoud krities** en **vul dit aan met nuwe idees**.
- ❖ **Herlei die studiemateriaal ten slotte tot die basiese elemente daarvan** sodat u die inhoud van elke afdeling met gemak kan weergee.

Dit is met ander woorde belangriker om iets uit die werkopdragte te **leer** as om hulle bloot deur te kom of te druip.

### 8.2 Assesseringskriteria vir werkopdragte

Die assesseringskriteria, die doel en uitkomste van die inhoud en die werkopdragte van hierdie module kan nie van mekaar geskei word nie.

Raadpleeg die bronne wat in afdeling 2 van hierdie studiebrief genoem word. Die volgende assesseringskriteria hou verband met die uitkomste genoem in afdeling 2 van hierdie studiebrief (verwys na die uitkomste). Die uitkomste van al die studie-eenhede is 'n aanduiding van wat u na afhandeling van die module moes bereik het. Daar is assesseringskriteria vir elke uitkomste.

#### 1.2.1 Assesseringskriteria vir die vrae wat oor die inhoud van die studie-eenhede handel

Studente moet in werkopdragte toon dat hulle die volgende deeglik verstaan en 'n grondige insig daarin het:

- Inklusiewe onderwys. Hulle moet aantoon dat hulle inklusiewe onderwys krities kan assesseer en die uitdagings wat dit stel die hoof kan bied.
- Die oorsake en manifestasies van struikelblokke tot leer. Studente moet dit krities kan assesseer om dit in die spesifieke spesialiseringsfase uit die weg te ruim en 'n struikelblokvrye omgewing daar te stel.
- Die inklusiewe skool, die identifiserings- en assesseringsverantwoordelikheid wat onderwysers dra as assessors van leerders wat met struikelblokke tot leer worstel.
- Leerderondersteuning in die inklusiewe skool.

### 8.3 Die eerste en tweede semester se werkopdragte

8.3.1 Werkopdrag 01: Verpligte meerkeusewerkopdrag
Aktiewestudent-werkopdrag

**Let asseblief op die volgende belangrike kwessies:**

- Hierdie meerkeusevrae moet voor **12 Maart** gedoen wees.
- Beantwoord die vrae op 'n merkleesblad (raadpleeg die riglyne in my Studies @ Unisa).
- Vul die **unieke nommer** in op die merkleesblad.
- **Geen uitstel** sal verleen word nie. 'n Rekenaar merk hierdie werkopdrag tot op die sluitingsdatum en geen werkopdragte sal daarna aanvaar word nie.
- As u nie u **aktiewestudent-werkopdrag** ingee nie, sal u nie toegelaat word om eksamen te skryf nie.

**Enkele riglyne by die beantwoording van die meerkeusevrae:**

- U word versoek om slegs op die merkleesblad te skryf of om dit op myUnisa in te dien.
- Dui u antwoord aan deur die korrekte nommer van 1 tot 5 in die blokkie langs die nommer van die betrokke vraag in te kleur.
- Sorg asseblief dat die vraagnommer en die nommer op die antwoordblad ooreenstem.

Hierdie meerkeusevrae vereis **kennis**, **begrip** en **insig** van u. U sal hierdie stellings nêrens in u voorgeskrewe boek of studiebriewe vind nie.

**Doen navorsing!**

**Bronne wat geraadpleeg moet word:**

Onthou dat u **op hierdie studievlak** navorsing moet kan doen.

### 8.3.2 Werkopdrag 02

**Let op die volgende belangrike kwessies:**

U kennis van studie-eenheid 1 tot 7 word in hierdie werkopdrag getoets.
Onthou om die unieke nommer van hierdie werkopdrag aan te dui.
U kan óf opsie 1 óf opsie 2 beantwoord.

U moet egter al twee hierdie opsies vir die eksamen ken.

## 8.4 Tweede semester se werkopdragte

**LET WEL: Moet asseblief nie hierdie werkopdragte in die eerste semester ingee as u vir die tweede semester ingeskryf het nie.**

**<u>WERKOPDRAG 01: EERSTE SEMESTER</u>**
**VERPLIGTE AKTIEWESTUDENT-WERKOPDRAG**

**MEERKEUSEVRAE**
**KEERDATUM: 12 Maart**
**UNIEKENOMMER: 200255**

**<u>WERKOPDRAG 01: TWEEDE SEMESTER</u>**
**VERPLIGTE AKTIEWESTUDENT-WERKOPDRAG**

**MEERKEUSEVRAE**
**KEERDATUM: 03 September**
**UNIEKENOMMER: 336657**

**Beantwoord alle meerkeusevrae wat volg.**

1.1 Watter **vaardighede** dink u moet u **verwerf** om leerders te ondersteun wat struikelblokke tot leer in u spesialiseringsfase ondervind?

a. Die vaardigheid om leerders wat struikelblokke tot leer ondervind, vroegtydig te identifiseer.
b. Die vaardigheid om leerders wat struikelblokke tot leer ondervind te assesseer.
c. Die vaardigheid om leerders wat struikelblokke tot leer ondervind voortdurend te assesseer.
d. Die vaardigheid om saam te werk met ouers en ander persone wat betrokke is by leerders wat struikelblokke tot leer ondervind.
e. Ek besit al die vaardighede om leerders wat struikelblokke tot leer ondervind te ondersteun.

Kies die korrekte antwoorde (1.1- 1.10)

1.2 Watter van die volgende kwessies is luidens die *verslag oor die openbare verhoor oor die reg op basiese onderwys* wat in 2006 bekend gemaak is, die oorsaak dat die gehalte van onderwys in Suid-Afrika laag is?

a. Armoede.
b. Leerders wat deur MIV/vigs geraak word.
c. Geweld en mishandeling.
d. Inklusiwiteit: party leerders met beperkings het nie toegang tot onderwysgeriewe nie.
e. Al bogenoemde kwessies.

1.3 Watter van die volgende **identifiseringsvaardighede** behoort onderwysers te verwerf om **vroeë** identifisering te doen?

a. Diagnostiese toetsing, informele waarneming.
b. Informele evaluering, luister, stel van vrae.
c. Verslagskrywing, informele sifting, hou ’n portefeulje.
d. Intuïsie, waarneming, stel vrae.
e. Onderhoude met die terapeute, ouers en die leerders.

1.4 Watter van die volgende **assesseringsvaardighede** behoort onderwysers te verwerf om leerders wat struikelblokke tot leer ondervind **voortdurend** te assesseer?

a. Diagnostiese toetsing, informele waarneming.
b. Sistematiese waarneming, verslagskrywing, hou ’n portefeulje.
c. Intuïsie, waarneming, stel vrae.
d. Informele evaluering, luister, stel vrae.
e. Verslagskrywing, informele sifting, hou ’n portefeulje.

1.5 Wat is die implikasies van die **inklusiewe-onderwysbenadering** vir u spesialiseringfase?

a. Om ouers of versorgers en die gemeenskap te betrek en te bemagtig.
b. Voorsiening van menslike en fisiese hulpbronne.
c. Aanpassing van die klaskameromgewing en -organisasie.
d. Opleiding van alle onderwysers sodat hulle insig in inklusiewe onderwys kry.
e. Al die bogenoemde stellings.

1.6 Watter een van die volgende take is die moeilikste in die assesseringsproses van leerders wat struikelblokke tot leer ondervind?

a. Beplanning van die assesseringskomponent van die leerondersteuningsprogram.
b. Versameling en verslagskrywing.
c. Interpretasie van die assesseringsfeite.
d. Oordra van die assesseringsresultate.
e. Die assessering-onderrig-leersirkel.

1.7 Wat is die verantwoordelikhede van die **distriksgebaseerde spanne**?

a. Verskaf assesseringsinstrumente.
b. Funksioneer op 'n raadplegende grondslag.
c. Koördineer professionele ondersteuningdienste aan onderwysers.
d. Opleiding van onderwysers in die assessering van leerders wat struikelblokke tot leer ondervind.
e. Al die bogenoemde stellings is korrek.

1.8 **Leerondersteuning** impliseer …
a. ’n geïntegreerde onderwysstelsel
b. die ontwikkeling van ’n gemeenskapsondersteuningsnetwerk
c. voldoende voorsiening van menslike hulpbronne
d. toegang tot ’n gedifferensieerde kurrikulum
e. al die bogenoemde stellings

1.9 Dui die stelling aan wat **nie korrek** is nie:

In die **beplanning** van die **leerondersteuningsprogram** kom ... voor om leerders te ondersteun wat struikelblokke tot leer ondervind.

a. kurrikulumdifferensiasie
b. veranderinge van die kurrikulum in ’n spesiale kurrikulum
c. aanpassings aan die uitkomste
d. aanpassings aan die tydsduur van die leerondersteuningsprogram
e. aanpassings aan assessering

1.10 **Onderwyserondersteuning** impliseer …

a. intersektorale samewerking
b. ’n transdissiplinêre ondersteuningsbenadering
c. ’n geïntegreerde ondersteuningsnetwerk
d. ’n voorkomende ondersteuningsbenadering
e. al die bogenoemde stellings

**Gee die kombinasie van stellings wat vraag 1.11 tot 1.20 die heel beste antwoord.**

1.11 Die assessering van struikelblokke tot leer is een van die belangrikste verantwoordelikhede van die onderwyser in die KKO-sentrum en/of skool. Onderwysers se assesseringstaak behels …

a die tydige waarneming van die leerders se afwykings sodat terapie gegee kan word.
b volgehoue selfassessering en groepassessering.
c dat hulle die assessering van leeruitkomstes as hul belangrikste taak beskou.
d die assessering van oorsake van struikelblokke wat in die leerder lê.
e grondslagassessering as vertrekpunt.

1 a b
2 a c
3 b c
4 c d
5 d e

1.12 Watter van die volgende **nasionale** en **onderwysdokumente** bevorder **inklusiewe onderwys?**

a Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996.
b Die NCSNET/NCESS-verslag van 1997.
c Onderwyswitskrif 6 oor Spesialebehoeftesonderwys van 2001.
d Die Nasionale Konsepstrategie oor sifting, identifisering, assessering en ondersteuning van 2006.
e Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, No 108 van 1996.

1 a b c d
2 a b d e
3 a c d e
4 b c d e
5 Al die bogenoemde dokumente.

1.13 Wat is die **grondbeginsels** van **inklusiewe onderwys**?

a Onderwys aan alle leerders en die bevrediging van hulle uiteenlopende behoeftes.
b Vrye toegang tot verskeie inklusiewe leerkontekste.
c Aanvaarding van die leerder soos "hy of sy is" in vergelyking met die gemiddelde leerder.
d Verandering van die leerder om by die stelsel of konteks aan te pas.
e Besef dat alle leerders kan leer, ofskoon nie teen dieselfde tempo nie.

1 a b c
2 a b e
3 a d e
4 b c e
5 c d e

1.14 Watter van die volgende stellings oor **inklusiewe onderwys** is korrek?

a Die inklusiewe onderwysstelsel berus op respek vir ander se menswaardigheid.
b Die "gewone" kleinkindontwikkelingsleersentrums en skole moet voorsiening maak vir leerders wat lae-intensiteitondersteuning nodig het.
c UGO misken leerders wat struikelblokke tot leer ondervind.
D Dertig voldiensskole is voldoende in Suid-Afrika.
e Die inklusiewe-onderwysbenadering is 'n korttermynplan.

1 a b
2 a c
3 a d
4 b e
5 c d

1.15 **Spesiale skole** moet volgens die inklusiewe onderwysbeleid ...

a as hulpbronsentrums funksioneer
b in voldiensskole omskep word
c spesiale kurrikulums volg
d deel van die onderwysondersteuningsdienste uitmaak
e gespesialiseerde onderwys en 'n hoë vlak van ondersteuning bied

1 a b c
2 a d e
3 b c e
4 b c d
5 c d e

1.16 Die leersentrum-, skoolgebaseerde of institusionele-vlak**ondersteuningspan** …

a is noodsaaklik vir leerder- en onderwyserondersteuning
b dui op ŉ diensverskaffingsmodel op leersentrum-, skool- of institusionele vlak
c maak ŉ kernkomponent van ŉ algehele onderwysondersteuningstruktuur uit
d behoort oor die minimum bevoegdhede te beskik wat die leersentrum of skool vereis
e verseker dat alle leerder- en stelselbehoeftes bevredig word

1 a b c d
2 a b d e
3 a c d e
4 b c d e
5 Al die bogenoemde stellings.

1.17 **Gemeenskapsgebaseerde ondersteuning** behoort volgens die **inklusiewe benadering** …

a onderwyser- en leerderondersteuning in inklusiewe onderwysomgewings te lewer.
b toepaslike ondersteuning te lewer wat leerder- en stelselbehoeftes bevredig.
c vaardighede te benut en kundigheid in die gemeenskap te fasiliteer.
D die identifisering en toeganklikheid van gemeenskapshulpbronne in te sluit.
e die geleentheid te skep vir sosiale integrasie van alle leerders wat ingeperk is.

1 a b c d
2 a b d e
3 a c d e
4 b c d e
5 Al die bogenoemde stellings.

1.18 **Distriksgebaseerde ondersteuningspanne** ...

a is noodsaaklik vir leerder- en onderwyserondersteuning.
b moet slegs professionele ondersteuning aan onderwysers in “gewone” skole bied.
c bied voldoende ouer- en gemeenskapsondersteuning.
D is ook verantwoordelik vir onderwysersopleiding in struikelblokke tot leer.
e moet met die kleinkindontwikkeling- sentrumgebaseerde of skoolgebaseerde of ondersteuningspanne op institusionele vlak saamwerk.

1 a b c
2 a b d
3 a d e
4 b c d
5 c d e

1.19 **Voldiensskole** …

a is “gewone” primêre skole wat in voldiensskole omskep word.
b verwelkom slegs leerders wat ernstige inperkinge ondervind.
c behoort ’n volledige reeks ondersteuningsdienste te lewer.
d sal die eerste stap wees om ondersteuning nader aan die ouerhuis te bied.
e ondersteun leerders wat ’n gemiddelde vlak van ondersteuning vereis.

1 a b c d
2 a b d e
3 a c d e
4 b c d e
5 Al die bogenoemde stellings.

1.20 In **inklusiewe kleinkindontwikkelingsleersentrums** of **skole** ...

a moet alle onderwysers bemagtig word om inklusiewe praktyke te kan toepas
b moet die sentrumgebaseerde, skoolgebaseerde of ondersteuningspanne op institusionele vlak onderwysers ondersteun
c moet die etos altyd die aanvaarding van en respek vir diversiteit en gelykheid weerspieël
d moet alle onderwysers ’n positiewe leeromgewing skep
e moet die beleid altyd voorsiening maak vir inklusiwiteit

1 a b c d
2 a b d e
3 a c d e
4 b c d e
5 Al die bogenoemde stellings.

**[Totaal : 20]**

**WERKOPDRAG 2**

| |
|---|
| **<u>WERKOPDRAG 02: EERSTE SEMESTER</u>**<br>**VERPLIGTE AKTIEWESTUDENT-WERKOPDRAG**<br><br>**KEERDATUM: 12 April**<br>**UNIEKENOMMER: 245440** |

| |
|---|
| **<u>WERKOPDRAG 02: TWEEDE SEMESTER</u>**<br>**VERPLIGTE AKTIEWESTUDENT-WERKOPDRAG**<br><br>**KEERDATUM: 01 Oktober**<br>**UNIEKENOMMER: 323216** |

**Beantwoord óf opsie 1 óf opsie 2.**

**OPSIE 1 (Studie-eenheid 1 en 2)**

2.1.1 In watter land woon u? Beskryf die onderwysbenadering tot leerders wat struikelblokke tot leer ondervind in hierdie land kortliks. (5)

2.1.2 Noem **drie** redes waarom die inklusiewe onderwysbenadering toenemend gevolg word. (6)

2.1.3 Noem vyf **implikasies** van inklusiewe onderwys, en bespreek die uitdagings wat die onderwyser die hoof moet bied as ondersteuner van leerders wat struikelblokke tot leer in u spesialiseringsfase ondervind. (5)

2.1.4 Bespreek faktore in die **huisomgewing** wat in u spesialiseringsfase struikelblokke tot leer kan wees en gee voorbeelde daarvan. (6)

2.1.5 Verduidelik aan die hand van voorbeelde hoe faktore in die onderwysstelsel op die onderskeie vlakke tot leerstruikelblokke aanleiding kan gee. (8)

2.1.6 Bespreek faktore in die **wyer konteks** wat in u spesialiseringsfase struikelblokke tot leer kan veroorsaak, en gee voorbeelde daarvan. (6)

2.1.7 Bespreek aan die hand van voorbeelde die **oorsake** van die struikelblokke tot leer wat **binne** die leerder lê, en noem die **manifestasies** daarvan. Die onderstaande tabel sal dit makliker maak. (8)

| Oorsake wat binne die jong leerder lê (voorheen intrinsieke oorsake genoem) | Voorbeelde van oorsake | Manifestasies |
|---|---|---|
| **Prenataal** | Noem **prenatale oorsake** van inperkinge:<br>...............................................<br>...............................................<br>............................................... | Voorbeelde van die manifestasies van inperkinge wat deur prenatale faktore veroorsaak word:<br>...............................................<br>............................................... |
| **Perinataal** | Noem **perinatale oorsake** van inperkinge (tydens geboorte):<br>...............................................<br>...............................................<br>...............................................<br>............................................... | Voorbeelde van die manifestasies van inperkinge wat deur perinatale faktore veroorsaak word<br>...............................................<br>...............................................<br>............................................... |
| **Postnataal** | Noem **postnatale oorsake** van inperkinge (ná geboorte):<br>! Ongelukke.........................<br>...............................................<br>! Chroniese siektes............<br>...............................................<br>...............................................<br>............................................... | Voorbeelde van die manifestasies van inperkinge wat deur postnatale faktore veroorsaak word:<br>Weens ongelukke:<br>...............................................<br>...............................................<br>Noem chroniese siektes:<br>...............................................<br>...............................................<br>...............................................<br>............................................... |

2.1.8 Verduidelik aan die hand van voorbeelde hoe struikelblokke **buite** die leerder in u spesialiseringsfase kan **manifesteer.** (6)

**[TOTAAL: 50]**

**OPSIE 2 (Studie-eenheid 3 tot 7)**

2.2.1 Noem die identifiserings- en assesseringsprosedures, en bespreek een van hierdie aangepaste assesseringsprosedures wat u in u spesialiseringsfase belangrik ag. (10)

2.2.2 Noem die **komponente** in die **beplanning** of **ontwerp** van 'n **leerondersteunings-program** en bespreek een aangepaste komponent wat u in u spesialiseringsfase belangrik ag. (9)

2.2.3 Noem twee **leerondersteuningstrategieë** en verduidelik hoe **positiewe ervarings** deur die implementering van **koöperatiewe leer** in u spesialiseringsfase bevorder kan word. (6)

2.2.4 Bespreek die nuwe skoolgebaseerde of institusionelevlak-**ondersteuningsbenadering** tot leerder- en onderwyserondersteuning in teenstelling met die ou ondersteunings-benadering tot leerders met spesiale onderwysbehoeftes. (8)

2.2.5 Noem drie redes waarom **ouer- of versorger**sbemagtiging belangrik is, en bespreek drie wyses waarop u die ouers of versorgers van leerders wat struikelblokke tot leer ondervind by u spesialiseringsfase kan betrek. (9)

2.2.6 Bespreek die verskeie leerkontekste of inklusiewe-onderwysomgewings wat volgens *Witskrif 6 oor Spesialeonderwysbehoeftes (2001)* beskikbaar is. (8)

**[TOTAAL: 50]**

## VRAELYS

**BEANTWOORD ASSEBLIEF DIE VOLGENDE VRAE EN DIEN DIT AAN DIE EINDE VAN DIE SEMESTER IN. SIT DIT IN ’N GEWONE KOEVERT EN POS DIT AAN DIE DOSENT.**

1 Het u die boek wat vir die module voorgeskryf is aangeskaf?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

2 Het u reeds die TERSAAKLIKE AFDELINGS in die voorgeskrewe boek deurgewerk soos ons in u studiebriewe aangedui het?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

3 Het u die studie-eenhede en temas in die kurrikulumoorsig in Studiebrief 102 bestudeer?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

4 Het u die uitvoerige KURRIKULUMOORSIG en tersaaklike BRONNE in STUDIEBRIEF 102 en ander studiebriewe gebruik om die voorgeskrewe boek deur te werk?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

5 Het u voldoende leiding in die studiebriewe gekry om die voorgeskrewe boek deur te werk? (U moet eerstens die kurrikulumoorsig en al die bronverwysings in die ander studiebriewe wat u ontvang het raadpleeg voordat u hierdie vraag beantwoord.)

**MOENIE HIERDIE VRAAG BEANTWOORD AS U NOG NIE NAVORSING GEDOEN HET NIE OF NIE DIE STUDIEBRIEWE NOUKEURIG GELEES HET NIE.**

| Glad nie | In sekere mate | In meerdere mate | Ten volle |
|---|---|---|---|
| | | | |

Word die studieterrein wat in die module behandel word duidelik in die kurrikulumoorsig in hooftrekke uiteengesit?

**RAADPLEEG STUDIEBRIEF 102**

| Glad nie | In sekere mate | In meerderem ate | Ten volle |
|---|---|---|---|
| | | | |

Voorstelle vir die verbetering van hierdie module:

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................